Agri SA

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X 180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Plaasaanvalle moet afwaarts bestuur word
Farm attacks must be managed downward

8 September 2015

Plaasaanvalle moet afwaarts bestuur word

“Die publiek, regering en boerderygemeenskappe moet van elke plaasaanval kennis neem, sodat die vlak van bewustheid hieromtrent tot beter beleid, optrede en sorgsaamheid kan lei, waardeur die voorkoms hiervan drasties afwaarts bestuur kan word”, sê Kobus Breytenbach, voorsitter van Agri SA se Landelike Beveiligingskomitee, na aanleiding van drie voorvalle die afgelope paar dae.

Agri SA ondersteun vernuwende denke oor die toepassing van die Landelike Beveiligingstrategie, veral nadat die Menseregtekommissie onlangs daarop gewys het dat ‘n holistiese en doelgerigte poging nodig is om die voorkoms van plaasaanvalle onder beheer te kry.

‘n Versoek is reeds tot die Minister van Polisie gerig om hierdie kwessie met hom te bespreek asook hoe die bevindinge van die Menseregtekommissieverslag oor plaasgeweld deur die polisie toegepas sal word. Die effektiewe implementering van die Landelike Beveiligingstrategie sal ook die nodige aandag geniet.

“Ons meegevoel gaan ook uit na die families en naasbestaandes wat deur hierdie voorvalle getraumatiseerd is en sal hieromtrent ondersteunend optree indien hulle die behoefte daarvoor het”, sê Breytenbach.

Deur die Agri Securitas Trustfonds, word boerderygemeenskappe in die praktyk finansieel ondersteun om hulle eie paraatheid te verbeter en beheer te neem oor hulle veiligheid. Terugvoer in die verband wys daarop dat hierdie ondersteuning ‘n positiewe bydrae op sodanige gemeenskappe se veiligheid het.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Mnr Kobus Breytenbach, Voorsitter van Agri SA se Landelike Veiligheidskomitee, 083 631 6844
Mnr Kobus Visser, Direkteur: Korporatiewe Skakeling, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0010

Farm attacks must be managed downward

“The public, government and farming communities must take note of every farm attack so that the level of awareness in this regard will lead to better policy, action and care with a view to drastically reducing the incidence thereof,” said Kobus Breytenbach, chair of Agri SA’s Rural Safety Committee, referring to the three farm attacks over the past few days.

Agri SA supports a fresh approach to the implementation of the Rural Safety Strategy, especially after the Human Rights Commission recently indicated that a holistic and decisive effort was needed to curb the incidence of farm attacks.

A meeting has already been requested with the Minister of Police to discuss this matter, as well as how the findings of the Human Rights Commission on farm violence will be implemented by the police. The effective implementation of the Rural Safety Strategy will also receive the necessary attention.

“We wish to express our condolences to the families and next of kin who are traumatised by these incidents and will provide them with support where there is a need,” said Breytenbach.

Via the Agri Securitas Trust Fund, farming communities are assisted financially to improve their alertness and to take control of their own safety. Feedback in this regard indicates that such assistance has made a positive contribution to the safety of these communities.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Mr Kobus Breytenbach, Chair of Agri SA’s Rural Safety Committee, 083 631 6844
Mr Kobus Visser, Agri SA, Director: Corporate Liaison, 012-643 3400 or 082 388 0010